# I Persoonlike Werk: Die Voorwaardes tot die Werk.

Potch
Jeugkamp
April 1958.

Vandat ons oor al die aspekte van pers. werk self gaan gesels, wil ons eers twee belangrike vrae i.v.m. pers. werk stel & beantwoord:

1. Wat is pers. werk?
2. W/om is pers. werk noodsaaklik? W/om doen? Dan:
3. Wat is die voorwaardes waaraan ons moet voldoen?

## A. Wat is pers. werk?

Dit is die werk, onderskei van prediking, studie, voorlesing, geskrif, waar 'n Christen deur sy pers. gesprek en getuienis soek om iemand anders na Jesus Xt. te lei. In die opsig verskil dit van al die ander vorms van Xt. arbeid en getuienis dat waar bv. in prediking ens. 'n groot skare of groep geraak word of ander d. geklank v.d. Wd kom, by pers. werk dit alleen gaan om d. enkeling. Dit is baie meer veeleisend — & vrugbaar! Die mens hier die instrument

## B. Waarom is dit van Soveel Belang?

(1) Omdat Gods Wd. dit eis: Reeds in die O.T. ons talle voorbeelde: Abraham & Lot; Josef en sy broers; Dawid en Nathan; Elia & Agab; dogtertjie & Naaman;

In N.T.: a) Meer voorbeelde van J.X. se persoonlike werk in 4 Ev's as van sy preke:

- — Nikodemus — Levi die tollenaar
- — Sam. vrou — Saggeus
- — Legio — Die ryk jong man

b) By dissipels: Joh. die Doper > Johannes & Jakobus
Andreas lei Petrus na Jesus — & Petrus lei 3000 na Xtus (Edward Kimball lei D.L. Moody na Jesus)

c) Apostels: Naas massabekerings & groot opkomste ook d. pers. werk:
Petrus lei Kornelius na Xtus; Filippus d. Kamerling; Paulus die sipier, Lydia ens.

N.B.: Die lede v.d. 1e Xt. kerk het dit gesien as hulle normale werk (1 Thess. 1: 8)

(2) Omdat almal dit kan doen: Almal kan nie preek, skryf, uitlê, — maar almal kan pers. werk doen! Moeder in huis; sieke op bed; reisiger in trein of bus; verpleegster in hospitaal; jong skolier of student t.o.v. maat!

(3) Omdat dit enige tyd gedoen kan word: Vaste tye vir dienste, S.S., verenigings: maar persoonlike werk kan te enige tyd v.d. dag of nag gedoen word

(4) Omdat dit op enige plek gedoen kan word: In huise, op straat, in fabriek, in bus of kar of trein, op perron; in wagkamers.

(5) Omdat dit alle klasse raak: Baie mense sal nooit kerk bywoon nie, biduur, godsd. vergadering — kom nie na ons. Miskien, as hulle kom, net kop. greep. Maar ons kan na almal gaan — alle soorte en klasse v. mense

(6) Omdat dit die hart tref: Prediking ens. algemeen; maar ind.-werk persoonlik: kan nie ontkom nie (bottels & gieter) Besig met pers. behoefte, pers. beslissing — bereik dus wat prediking nooit kan haal!

(7) Omdat d. nood so groot is: Ons aanvaar



baiekeer dat iemand 'n Christen is — besef nie hoe groot d. nood is nie. Mense loop soms vir maande & jare met gemoed. sielsbehoeftes — wag op iemand om net d. noot te slaan! Skaam om self te kom of te praat — maar smag om genader te word! Eensaamheid v/dag!

(8) Omdat d. vrug so groot is: Die wêreld baie gouer bereik & ge-evangeliseer deur pers. werk as deur prediking. Neem die vb. van 'n gemeente predikant wat elke Sondag 10 mense na Xt. lei = 500 p.j. Vgl d/mee sy gemeente waar 50 lidmate elke maand 1 persoon na Xt. lei = 600 p.j.! Gevaar van een-man gemeente! Vermenigvuldig bv. spanwerk van gelowiges! [illegible] baie gouer & beter!

C. Wat is die Voorwaardes vir die Werk?

(1) 'n Persoonlike, praefunderende Kennis v. Jesus Christus as Saligmaker:
Neem 2 voorbeelde: a) Petrus: Magteloos om iets te doen om mense na Jesus te lei voor sy bekering: „As jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk" (Luk 22: 32).
b) Paulus: Sy woord staan in met krag omdat hy kon sê: „Dis 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word dat Jk. in die wêreld gekom het om sondaars te red van wie ek die vernaamste is" (1 Tim. 1:8)
Ons mislukking: a) óf nie bekeerd of b) Vae en onduidelike begrip van ons saligheid dat ons niemand kan lei tot 'n beslissing nie.

(2) 'n Lewe Oorgegee aan God: Absolute oorgawe aan God met alles wat ons het, sodat ons soos Paulus kan sê: „Vir my is die lewe Christus". Daar is nodig om te gee wat ons het: Vgl. die voeding v.d. 5000 met die 5 brode + 2 vissies (Matt. 14:17-20). Xtus neem alles wat hulle het. Mr. as hulle nou 'n broodjie of vissie teruggehou het sou Hy nie gedoen het wat Hy wel bereik het!

(3) 'n Brandende Besef dat alle mense buite Christus Verlore is:

Jesus se vb: Luk. 19:10 – „Want die Seun v.d. mens het gekom om te soek, te red wat verlore was"

Paulus: Hand. 20:31

Hoe kan ons tot hd. besef?

a)

(4) Liefde: Daar is niks wat so trek, so ontroer, so raak as liefde: ~~ka~~

a) liefde tot m/mens. ~~kand~~

b) liefde tot Xtus

Hy al ons deur laank en diep te bou op Xtus se liefde vir my (Gal. 2:20)



(5) Volharding: Geen werk vra soveel geduld en volharding as sielsorg. As u eenmaal begin het onder Gods leiding om iemand na Jesus te lei ~~moe~~ hou dan aan – gee nie moed op nie! Bestudeer u man; soek na 'n geopende deur na sy hart en siel; so nie breek in deur die dak. Neem tyd; wees geduldig; wag, bid, werk (Torrey: 15 jr gewag vir een man).

– Bokleem van predikant se werk

(6) Praktiese Kennis v.d. Bybel:

Die oorheersende plek van Gods Wd. in alle pers. werk: Dis die Woord wat oortuiging werk v sonde, wat herskep, wat geloof werk: Hand. 2:37, 1 Petr. 1:23, Rom. 10:17

Daarom moet ons die Bybel ken: Jer. 23:29, Efese 6:17.

Mr. hd. kennis moet 'n prakt. kennis wees: D.w.s. ons moet dit so kan gebruik dat

① mense die behoefte aan 'n Verlosser ontdek

② mense Jesus as dd. enigste Verlosser kan sien

③ mense sien hoe hulle Jesus as Verlosser kan aanneem

④ mense se besware oor aanname beantwoord kan word.

(7) <u>Gebed</u>: God eer die gebed; verhoor gebed – Mr. Nêrens sowel as in d. saak van sielewen! Dikwels laat en dikwels alleen met God. Veral 4 dinge waarvoor ons moet bid:

a) <u>God ons na die regte persone bring – of hulle na ons</u>: (Hand 8: 29)

b) <u>Om die regte boodskap, die regte woord</u>:
– Bepaalde woord of teks deur die H.G. ingegee.

c) <u>Om die besondere Krag v. God</u>.

d) <u>Dat God die werk voortsit</u> nadat ons alles gedaan het wat moontlik was.